

# Calvynfees (25 Oktober 2009)

**Tema:** Calvyn in die wakies!

**Outeur:** JAE Adendorff

## Inleidend: Ons gereformeerde erfenis

Dis ek. My naam is Voortrekker, pionier, landsontdekker. Ek is in die woorde van GA Watermeyer 'n klein uitgerukte Westerloot wat in die Suide stam kom stoot<sup>1</sup>. Maar noem my ook Calvinis, want my volk se geboorte-uur op Afrikaanse bodem was gedrenk in die gereformeerde godsdiens. Julle onthou mos: Vir die Rooms Katolieke ontdekkingsreisigers Dias en Da Gama het die Kaap geen tuiste gebied nie. Dit was vir hulle die Kaap van storms. Maar toe het God in sy albeskikking die gereformeerde Hollander Jan van Riebeeck hier 'n holte vir sy voet gegee. Deur die loop van jare kom sy gebed op 8 April 1652 na ons aangesweef: ... *waar ons in U Heilige Naam ... vergader is om ... besluite te neem ... tot voortplanting en uitbreiding van U ware gereformeerde Christelike leer ... bid ons U, o allergenadigste Vader, om met U Vaderlike Wysheid ons by te staan ...*<sup>2</sup> Só het dit dan gekom dat my volk, die Afrikaner, as't ware met die Bybel en die gereformeerde belydenisskrifte in die wieg gebore is. En dit het ons geestelike kinders gemaak van Johannes Calvyn, die groot hervormer van Genève.

Die grondslag van ons gereformeerde lewensuitkyk was natuurlik die Statebybel met sy kantaantekeninge. Nou moet ons goed verstaan waar hierdie Bybel vandaan kom. Die groot gereformeerde sinode van Dordrecht het in 1618 die opdrag vir 'n nuwe vertaling van die Bybel gegee. Met die finansiële hulp van die owerheid, die Staten-Generaal, is die werk aangepak deur betroubare gereformeerde vertalers en op 17 September 1637 het die nuwe vertaling die lig gesien. Vanweë die staat se betrokkenheid het die Bybel as die Statebybel bekend geword. Die Bybel is deur die vertalers van kantaantekeninge voorsien. Dié kantaantekening was niks anders nie as 'n kort verklaring van verskillende Skrifgedeeltes, en dit op gereformeerde grondslag. Dit het in wese die hele gereformeerde teologie bevat<sup>3</sup>. In dié kantaantekeninge kon 'n mens dus as't ware die stem van Calvyn hoor.

Die koms van die Franse Hugenote het baie gehelp om hierdie gereformeerde godsdiens aan die Kaap te versterk<sup>4</sup>. Hulle het die berymde psalms van Marot en De Bèze, wat vriende en geesgenote van Calvyn was, saamgebring, en dit het deel van ons liedereskat geword. So is ons deur die Hugenote en hulle erfgoedere onlosmaaklik aan Calvyn verbind.

Ons volk se gereformeerde karakter is verder gevoed rondom die huisaltaar met die lees van van die Bybel en die sing van psalms en gesange. Sondae is die spyker dieper ingeslaan met die Woordverkondiging wat in die gereformeerde tradisie gestaan het. Ons kinders is in die gereformeerde waarhede ingelei aan die hand van Abraham Hellenbroek se boek: *De geloofsleer voor onze christelike jeugd*. Op ons boekrakke het gereformeerde boeke gepryk, soos Zacharias Ursinus se *Schatboek*, waarin hy die betekenis van elke vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus verduidelik het. Deur die lees van hierdie Calvinistiese skrywers is ons gereformeerde

---

<sup>1</sup> Uit GA Watermeyer se gedig: **Gestalte van my volk**.

<sup>2</sup> Thom, HB s.a. Van Riebeeckdag. Kaapstad: Kaapstadse Skakelkomitee.

<sup>3</sup> Van Zijl, WJ 1991. Van skeepskis na wakies tot boekrak. Kaapstad: Lux Verbi.

<sup>4</sup> Brown, E (red) 1983. Calvyn aktueel? Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers. Bls 26.

lewensooruiging stewig gevestig. En so, deur middel van al ons godsdienstige handeling, het ons diep teue gedrink uit die gedagtegoedere van Calvin.

Hierdie gedagtegoedere van die Geneefse Hervormer het 'n wesenlike deel geword van ons, Voortrekkers, se geestesgoedere. Dit het ons ware Calviniste gemaak, mense wat vas geglo het:

- In die absolute soewereiniteit van die Drie-enige God.
- Aan Sy vrymagtige beskikking oor die lewens van mense en volke.
- Aan die verlossing op grond van die soenverdienste van Christus alleen.
- Aan die Goddelike gesag van die Bybel op alle lewensterreine.

## Die besluit om te trek

Hierdie Calvinistiese oortuigings sou ons dra deur die donker jare van 1834 tot 1854. En donker jare was dit! Die lewe op die Oosgrens het vir ons onhoudbaar geword. Die manier waarop die Britse owerheid ons behandel het, het ons al meer vreemdelinge in ons land laat voel. Hulle verengelsingsbeleid en filantropiese rassebeleid het ons oortuig dat ons geestesgoedere bedreig word. Hoe goed het Anna Steenkamp dit nie saamgevat nie: *Dat het onverdraaglijk was voor elk fatsoenlijk Christen onder sulk een last te buijgen waarom wij dan ons liever verwijderen des te beter ons geloof en leer in suyverhijt te behouden*<sup>5</sup>. Daar was vir ons genoegsame redes om die heilige bande wat 'n Christen aan sy vaderland verbind, te verbreek. Ons het vas besluit: Ons trek!

Hierdie trek was 'n geloofsdaad. Omdat ons ons so sterk met Israel van die Ou Testament geïdentifiseer het, het ons 'n ooreenkoms gesien tussen óns trek en dié van Abraham en Israel. Soos hulle wou ons met God die onbekende in, weg van die land wat ons so geknel het, op soek na óns beloofde land. Daarom het ons saam met Piet Retief verklaar:

*Ons vertrek nou uit ons vrugbare geboorteland waar ons enorme skade gely en voortdurend aan ergernis blootgestaan het om ons te gaan vestig in 'n woesteny en gevaarlike gebied; maar ons gaan met vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en genadige God, wat ons altyd sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam.*<sup>6</sup>

## Met die Bybel in die wakis donker Afrika in

Die Bybel wat die Setlaars aan Jacobus Uys oorhandig het, het simboliese betekenis gedra. Ons is mense van een Boek – soos Calvin ook was. Hierdie Boek het 'n ereplek in die wakis gekry, saam met die boeke van die gereformeerde skrywers. Maar dit het nie in die wakis toegesluit gebly nie. Dit is geléés. En dit het ons van geestelike verwildering bewaar.

Dis natuurlik iets waarvoor die kerkleiers bang was. Hulle het verwag dat ons in die woeste binneland, verstoke van kerklike bediening, geestelik sou veragter. Daarom het die Kaapse Kerk negatief teenoor die Groot Trek gestaan, soveel so dat die Sinode in Oktober 1837 die Groot Trek veroordeel het. Maar hulle was verkeerd. Hierdie Boek in die wakis het ons geestelike gevoed sodat ons geloof in die lewende God net sterker geword het. Hoe kan dit anders? In hierdie Woord openbaar God tog Homself aan ons, soos Calvin ons ook duidelik in sy Institusie leer. Die Skrif, sê hy, versamel die kennis van God, verdryf die duisternis en toon duidelik die ware God aan ons. Dit

<sup>5</sup> Muller, CFJ (red) 1987. 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Vierde uitgawe. Pretoria: Academica. Bls. 157.

<sup>6</sup> Van Schoor, MCE et al s.j. Senior geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole. Tweede druk. Kaapstad: Nasou Beperk. Bls. 367.

verkondig nie alleen dat ons 'n God moet dien nie, maar dit verklaar terselfdertyd ook dat Hý die God is wat ons moet dien<sup>7</sup>.

Die Bybel in die wakis sou ook die grondslag wees van ons staatsbestel. Omdat die Calvinis God se soewereiniteit op alle gebiede erken, is God se Woord wet, ook op staatkundige gebied. Ons wou ons regeringstelsel volgens die beginsels van dié Woord inrig, sodat ons, in die woorde van Andries Pretorius, daar in die Noorde “tot een volk (sullen) worden en ter Zijner eere leeven”<sup>8</sup>.

Die Bybel in die wakis sou ook as middel en inspirasie dien om die woeste binneland vir die vestiging van 'n Christelike beskawing te tem. Ja, die simboliese betekenis van die Bybel in die wakis sou Totius later goed raakvat<sup>9</sup>:

*Die trek van Boerewaens  
wat wentel deur die wye,  
gevreese doodsvalleie  
en ander skatte dra:  
die heil'ge Boek as Leider ...  
dié trek van Boerewaens,  
hul was die nagverdrywers  
van jou, groot Afrika!*

### **Vertroue op die trekpad**

Op die lang, lang trek het ons al ons vertroue in die soewereine God en Sy goeie wil met ons geplaas. Dis tog wat die man van Geneve ons geleer het? Wanneer hy in sy Institusie oor die voorsienigheid van God praat, sê hy dit so mooi: God word almagtig genoem, “omdat Hy die hemel en die aarde met sy voorsienigheid regeer en alle dinge so bestier dat niks sonder sy raadsplan gebeur nie.”<sup>10</sup>

In hierdie geloof het die vroue, toe hulle met 'n vlot oor die Oranjerivier geneem is, Ges 20:6<sup>11</sup> gesing:

*Komt, treën wij dan gemoedigd voort,  
In vast vertrouwen op zijn woord:  
Hoe moeilijk ons de weg ook schijn,  
Het end zal zeker zalig zijn.*

Soos ek reeds genoem het, het ons ons sterk met Israel geïdentifiseer. Ons tog deur die binneland het ons as ons woestynreis gesien op pad na ons beloofde land. Daar was baie ontberinge op dié reis. Die ossewa was maar 'n ongerieflike plaasvervanger vir ons huise wat ons op die Oosgrens moes agterlaat. Die watent was nie voldoende beskerming teen die swaar donderstorms, verwoestende haelbuie of versengende hitte nie. Roofdiere, slange en giftige insekte was deel van die gevare wat ons daagliks moes trotseer. Vele grafte is ook langs die trekpad agtergelaat. Ja nee, hierdie trek het groot eise aan ons geloof gestel. Hoe kon ons volhou? Anna Steenkamp het die antwoord goed verwoord: Wat ons reis deur die woestyn aangenaam gemaak het, skryf sy, was die

---

<sup>7</sup> Institusie 1.6.1.

<sup>8</sup> Muller 1987:161.

<sup>9</sup> Versamelde werke van J.D. du Toit (Totius), Deel VIII, 1962. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel. Uit 'n kantate, bls 522.

<sup>10</sup> Institusie 1.16.3

<sup>11</sup> Herinnering van JH Hatting. In: Preller, GS 1920. Voortrekkermense I. Kaapstad: De Nationale Pers. Bls. 120.

gereelde godsdiensoefeninge, omdat dit ons herinner het dat God ons nie verlaat het nie<sup>12</sup>. Eredienste is drie keer op 'n Sondag gehou. Kerktente is spesiaal daarvoor opgeslaan. Soms is daar ook op Woensdag- en Saterdagdaande dienste gehou. Nagmaalviering het elke drie maande plaasgevind. Na vyandelike aanvalle suksesvol afgeslaan is, het ons dankdienste gehou. Ons het ook elke oggend en aand huisgodsdienste gehou. Só is ons geloof deur Woord en sakrament gevoed.

Hierdie geloof het ons op die ganse trekpad gedra. Met die gevaarlike tog oor die Drakensberg, byvoorbeeld, het ons God elke aand en elke oggend in ons liedere aangeroop. Dan het ons gevoel dat ons beskerm word<sup>13</sup>.

## Geloof in lyding

Hoe donker het dit nie in Februarie 1838 geword nie? Die verraderlike moord op Retief en sy manne en die daaropvolgende aanval op die Voortrekkerlaers aan die bolope van die Tugela het ons platgeslaan. Daar was nie één gesin wat nie in rou was nie<sup>14</sup>. Hiërdie gesin het 'n vader of moeder verloor, dáárdie een 'n broer of suster, nóg een 'n oom of 'n neef. 41 Trekkermans, 56 vroue en 185 kinders se lyke – baie erg vermink – moes begrawe word.

En tog ... Die leed van Bloukrans, Moordspruit en Boesmansrivier het ons nie van God vervreem nie. Die Woord sê mos in Rom 8:28 dat alles ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet. Soos Calvyn gesê het: gelowiges kan hulle in teenspoed daarmee troos "dat hulle geen lyding ondergaan nie behalwe as God dit verorden en beveel omdat hulle onder sy hand is."<sup>15</sup> Ons het saam met die Heidelbergse Kategismus bely dat God ons Vader "al die kwaad wat Hy oor (ons) in hierdie jammerdal beskik, vir (ons) tot heil sal beskik"<sup>16</sup>. Daarom was ons, soos die Skrif en die Kategismus ons geleer het, geduldig in alle teenspoed<sup>17</sup>.

Ons het ons lot by Góð bekla! En ons het op Hom bly vertrou. En Hy hét in ons nood voorsien. Kom ek gee 'n voorbeeld: Met dié dat die Zoeloes ons beste weggevoer het, het daar ná Bloukrans hongersnood in Veglaer geheers. Voedsel was skaars; die meeste mans was weg op kommando en die paar wat wel in die laer was, kon die vrouens en kinders ook nie lank alleen laat om te gaan jag nie. Maar die goeie God het gesorg, soos Gesang 17 sê. Menige oggend het daar teen dagbreek troppe elande naby die laer geloop, net so 400 of 500 tree ver. Gou-gou het ons dan 5 of 6 elande doodgeskiet gehad, en dit het ons darem 'n paar dae van kos voorsien. Een dag kon ons selfs 'n seekoei naby die laer skiet, wat ons weer 'n goeie voorraad spek gegee het.<sup>18</sup>

Inderdaad:

*Wie maar op God wil werp sy sorge  
En op Hom bou in bang gevaar,  
Is by Hom veilig en geborge,  
Die red Hy godd'lik wonderbaar;  
Wie op die hoë God vertrou,*

---

<sup>12</sup> Gedenkskrif van Anna Steenkamp. In: Preller, GS 1920. Voortrekkermense II. Kaapstad: De Nationale Pers. Bls. 35.

<sup>13</sup> Pretorius 1988:178.

<sup>14</sup> Rompel-Koopman, L 1915. Wat mevrouw generaal Joubert vertelt. Kaapstad: H.A.U.M. Bls 29.

<sup>15</sup> Institusie 1.16.3

<sup>16</sup> Heidelbergse Kategismus, Sondag 9, vraag en antwoord 26.

<sup>17</sup> Jak 1:3; Heidelbergse Kategismus, Sondag 10, vraag en antwoord 28.

<sup>18</sup> Herinneringe van FP van Gass. In: Preller, GS 1920. Voortrekkermense I. Kaapstad: De Nationale Pers. Bls. 38.

*Het seker nie op sand gebou*<sup>19</sup>.

## **'n Gelofte aan God**

Ná die moorde het ons besef dat ons Dingaan se mag sal moet breek as ons van Natal 'n tuiste wou maak. En wéér het God voorsien, hierdie keer in die persoon van Andries Pretorius wat ons leierlose klompie kom help het. Gou-gou het hy 'n kommando georganiseer om Dingaan se magte tegemoet te trek. Op 27 November 1838 het ons vertrek. Elke oggend en elke aand het ons saam godsdiens gehou. Geen wonder dat daar na die Wenkommando as 'n "voortrekkende bidstond" verwys is nie<sup>20</sup>. Die Woord het ons geestelik versterk en met die woorde van die psalms en gesange het ons ons vertrou in God uitgesing. Kan jy dink wat die woorde van Ps 3 bv. vir ons beteken het?

*Ik zal, vol heldenmoed,  
Daar mij zijn hand behoed,  
Tien duizenden niet vrezen ...*<sup>21</sup>

Die taak wat voor ons gelê het, het menslik onmoontlik gelyk. 'n Klein Gideonsbende van net oor die vierhonderd man teen duisende van Dingaan se impi's. Net God kon ons red. Daarom het ons ingestem toe Andries Pretorius en Sarel Cilliers met die gedagte van 'n gelofte gekom het. Tydens die oggendiens op Sondag 9 Desember 1838 het ons toe die gelofte plegtig afgelê. Eers het Sarel Cilliers uit Rigters 6:1-24 gelees en mooi aan ons die verpligting van 'n gelofte verduidelik. En toe het ons aan God beloop dat, as Hy ons die oorwinning gee, ons dié dag elke jaar as 'n dankdag sal hou, en dat ons vir Hom 'n kerk sal bou waar dit Hom behaag, en dat ons aan ons kinders sal sê dat hulle met ons in die gelofte moet deel sodat die eer vir die oorwinning altyd aan God gegee sal word.

Nou ja, die afloop van die slag van Bloedrivier ken julle. God het ons gebede verhoor en op wonderlike wyse uitkoms gegee. Hoe moet ons anders die feit verklaar dat digte mis oor die laer die nag voor die slag die Zoeloes verhinder het om aan te val? Of dat die dag sonnig aangebreek het, en die kruit nie vog getrek het nie? Of dat die sowat 1000 osse en perde ten spyte van die groot geraas in bedwang gehou kon word sodat hulle nie blindelings op die waens afgestorm het nie?<sup>22</sup> Of dat die stormlope van die Zoeloemag keer op keer afgeslaan kon word, totdat hulle op die vlug geslaan het? Of dat geen Voortrekker gedood is nie, terwyl duisende Zoeloes omgekom het? Hierdie dinge het nie maar "toevallig" so gebeur nie. "Dit is belaglike dwaasheid", sê Calvyn, "dat die ellendige mens hom voorneem om iets sonder God te doen, terwyl hy nie eens in staat is om te praat as God dit nie wil nie!" Die Skrif, sê hy verder, dui duidelik aan dat ook alles wat skynbaar toevallig gebeur, aan God onderworpe is<sup>23</sup>. Laat niemand dan die eer vir die oorwinning vir die Voortrekkers opeis nie!

Ons wou dit ook nie doen nie. Daardie selfde aand nog het ons vergader om die Here vir die oorwinning te dank<sup>24</sup>. Heel gepas het Sarel Cilliers by dié geleentheid Ps 118 voorgelees:

**118** *LOOF die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!*

<sup>2</sup> *Laat Israel dan sê dat sy goedertierenheid tot in ewigheid is!*

<sup>3</sup> *Laat die huis van Aäron dan sê dat sy goedertierenheid tot in ewigheid is!*

<sup>19</sup> Ges 17:1 in: Die berymde psalms saam met die evangeliese gesange. Kaapstad: SA Bybelvereniging.

<sup>20</sup> De Villiers, A 1975. Barrevoets oor Drakensberg. Pioniersvroue van die neëntiende eeu. Johannesburg: Perskor. Bls 48.

<sup>21</sup> Gerdener, GBA 1925. Sarel Cilliers. Die vader van Dingaansdag. Pretoria: JL van Schaik. Bls. 65.

<sup>22</sup> De Jongh, PS 1987. Sarel Cilliers. Johannesburg: Perskor. Bls 167.

<sup>23</sup> Institusie 1.16.6

<sup>24</sup> Herinnering van JH Hatting. In: Preller, GS 1920. Voortrekkermense I. Kaapstad: De Nationale Pers. Bls. 193.

- <sup>4</sup> *Laat die wat die HERE vrees, dan sê dat sy goedertierenheid tot in ewigheid is!*
- <sup>5</sup> *Uit die benoudheid het ek die HERE aangeroep; die HERE het my verhoor in die ruimte.*
- <sup>6</sup> *Die HERE is vir my; ek sal nie vrees nie: wat kan 'n mens my doen?*
- <sup>7</sup> *Die HERE is vir my as my helper; so sal ek dan neersien op die wat my haat.*
- <sup>8</sup> *Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou.*
- <sup>9</sup> *Dit is beter om by die HERE te skuil as om op edeles te vertrou.*
- <sup>10</sup> *Al die heidene het my omsingel; dit is in die Naam van die HERE dat ek hulle stukkend gekap het.*
- <sup>11</sup> *Hulle het my omsingel, ja, hulle het my omsingel; dit is in die Naam van die HERE dat ek hulle stukkend gekap het.*
- <sup>12</sup> *Hulle het my omsingel soos bye - hulle is uitgeblus soos 'n doringtakvuur; dit is in die Naam van die HERE dat ek hulle stukkend gekap het.*
- <sup>13</sup> *Jy het my hard gestamp om my te laat val, maar die HERE het my gehelp.*
- <sup>14</sup> *Die HERE is my sterkte en psalm, en Hy het my tot heil geword.*
- <sup>15</sup> *'n Stem van gejubel en van heil is in die tente van die regverdiges: die regterhand van die HERE doen kragtige dade.*
- <sup>16</sup> *Die regterhand van die HERE verhef; die regterhand van die HERE doen kragtige dade.*
- <sup>17</sup> *Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die HERE vertel.*
- <sup>18</sup> *Die HERE het my hard gekasty, maar my aan die dood nie oorgegee nie.*
- <sup>19</sup> *Maak oop vir my die poorte van die geregtigheid; ek wil daardeur ingaan, ek wil die HERE loof.*
- <sup>20</sup> *Dit is die poort van die HERE; regverdiges mag daardeur ingaan.*
- <sup>21</sup> *Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my tot heil geword het.*
- <sup>22</sup> *Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword.*
- <sup>23</sup> *Dit het van die HERE gekom; dit is wonderbaar in ons oë.*
- <sup>24</sup> *Dit is die dag wat die HERE gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees.*
- <sup>25</sup> *Ag, HERE, gee tog heil; ag, HERE, gee tog voorspoed!*
- <sup>26</sup> *Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE! Ons seën julle uit die huis van die HERE.*
- <sup>27</sup> *Die HERE is God, en Hy het vir ons lig gegee. Bind die feesoffer met toue, tot by die horings van die altaar.*
- <sup>28</sup> *U is my God, en ek wil U loof; o my God, ek wil U verhoog.*
- <sup>29</sup> *Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!*<sup>25</sup>

## **Die bou van 'n kerk**

Na ons vestiging in Natal was een van die eerste take die bou van 'n kerk in nakoming van ons gelofte. 'n Boukommissie is aangewys en fondse is ingesamel. In April 1841 is die eenvoudige kerkeboutjie in gebruik geneem<sup>26</sup>.

Daar was iets simbolies aan die bou van die eerste kerkie noord van die Oranjerivier. Dit was 'n teken van ons dankbaarheid, ja. Maar dit het ook as uiterlike teken gedien van ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, 'n lewensbeskouing waarin God sentraal staan en waarin ons ons vertrou ten volle in Hom stel<sup>27</sup>. Dwarsdeur die donker jare van die voortrek het hierdie

<sup>25</sup> *Die Bybel : Ou Vertaling.* 1954 (2nd edition.) (Ps 118:1). Suffolk, England: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

<sup>26</sup> De Jongh, PS 1987. Sarel Cilliers. Johannesburg: Perskor. Bls 195.

<sup>27</sup> Vgl Simpson, HW 1981. Calvin se kategismus. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies. Bls. 6.

geloofsbeskouing ons gedra. Iets hiervan word deur Anna Steenkamp verwoord. Aan die begin van haar gedenkskrif gee sy die rede vir haar skrywe. Sy sê dit is sodat haar familie kan weet waarom hulle ouers en grootouers hulle moederland verlaat het, en watter angs en benoudheid, pyn en smart, honger en kommer hulle alles getref het. Hoewel hierdie ervaringe die oorsaak was van baie droewige sugte en bittere trane, is “we geleid en beskerm ... deur onze getrouwe God en Vader in deze zware omstandigheden”<sup>28</sup>.

Hierdie Calvinistiese lewensbeskouing het daartoe gelei dat ons nie tevrede was met die bou van die één kerkie nie. Nee, oral waar ons mense hulle gevestig het, is kerke gebou. So het daar mettertyd menige kerkgebou op die velde van Suid-Afrika verrys. En dit was blywende tekens dat ons ons bestaan gesien as een voor die aangesig van God.

Daar het jy dit! Om God as die sentrum van jou bestaan te sien. En ons eie bestaan te sien as niks anders nie as ‘n bestaan in die enige God. Dis suiwer Calvinisties. En dit is hierdie Calvinistiese oortuiging wat ons deur die donker jare van die Groot Trek gedra het.

Mag ek nou ter afsluiting ‘n vraag aan jou vra, nasaat van die Voortrekker? Jy wat in die donker jare van die 21ste eeu leef, in die benouende tyd van postmodernisme en post-christelikheid: Huldig jy nog hierdie lewensbeskouing? Is jy nog in murg en been Calvinis? Weet jy, dáárin lê die antwoord vir jou tyd! Bid dan elke dag die gebed van een van jou groot digters<sup>29</sup>:

*Op U almag vas vertrouend het ons vadere gebou:  
Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou –  
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:  
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.  
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:  
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.*

---

<sup>28</sup> Gedenkskrif van Anna Steenkamp. In: Preller, GS 1920. Voortrekkermense II. Kaapstad: De Nationale Pers. Bls. 30.

<sup>29</sup> CJ Langenhoven: Die stem van Suid-Afrika. In: Opperman, DJ 1971. Groot verseboek. Derde uitgawe, eerste druk. Kaapstad: Tafelberg. Bls. 90.